

1. ORIËNTERING

1.1 Motivering en doelstelling

Elke volk of gemeenskap het 'n eie, unieke onderwys- en opvoedingstelsel, alhoewel dit met kenmerke van ander onderwysstelsels deurweef kan wees. Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vir Blankes besit 'n tradisioneel Protestantse-Christelike karakter, met verskeie "vreemde" invloede van buite wat met verloop van tyd vasgegroeï en veranker geraak het in die eie stelsel.

Met die volksplanting het die Hollanders die Christelik-nasionale lewensfilosofie na Suid-Afrika gebring. Die Protestantisme het nog altyd geglo dat alle aspekte van die lewe - ook die onderwys - deur die Wet van God beheer moet word.¹⁾

Onderwysvernuwing dwing elke onderwyser om hom persoonlik beter toe te rus vir die opvoedings-taak waarin mense (mondiges) met mense (onmondiges) in verhouding staan. Die onderwys kan van drieërlei aard wees, nl. modern, toekomstgerig of histories. Laasgenoemde mag nie aan die vergetelheid

1) BEHR, A.L. and MACMILLAN, R.G.: Education in South Africa, p: 3.

oorgelaat word nie, want in 'n stadium was die verlede die teorie en praktyk wat die hoeksteen gevorm het van die ontwikkeling, vooruitgang en bou van 'n lewenskragtige volk. Daarom mag die onderwyser van vandag hom nie distansieer van die onderwys van gister en eergister nie, want uit die verlede moet die goeie opgediep word vir die bou van die toekoms. 'n Land se primêre onderwys vorm die basis waarvandaan sy onderwys uitgroei tot die gevorderdste vlak. Hierdie studie is 'n ondersoek om vas te stel hoe die primêre onderwys van Transvaal deur verskynsels buite sy grense beïnvloed is. In die snel-ontwikkelende westerse wêreld waar uitvindings, tegnieke, metodes, ontdekkings en tendense so 'n belangrike rol gespeel het, is dit te begrype dat die onderwys op die een of ander wyse ook daardeur geraak sou word. Die blootlegging van buite-beïnvloeding in die Transvaalse primêre onderwysstelsel kan 'n positiewe bydrae wees om diensdoende onderwysers beter vir die onderwys-taak toe te rus. Die persoon wat 'n breër perspektief van onderwysaangeleenthede het, behoort in staat te wees om onderwys oor die algemeen doeltreffender aan te bied. So sal daar beter karaktervorming by die kind plaasvind en sal sy persoonlikheid gerig kan word om aan die ideaal van die tyd te beantwoord, naamlik om sy funksie as landsburger te vervul en om 'n ware Christen-

mens te wees.

1.2 Metode

Vir hierdie studie is die metode van historiese navorsing gebruik. Veral histories-opvoedkundige gegewens is nagespeur, deurdink en verwerk.

Daar is veral gebruik gemaak van:

- * Wette; bepalinge, ordonnansies en notules.
- * Verslae, konferensies en besprekings wat met die primêre onderwys in verband staan.
- * Bestudering van artikels en tydskrifte, brosjures, pamflette, tydskrifte en koerante.
- * Jaarverslae van die Transvaalse Onderwysdepartement, 1900-1960.
- * Verskeie werke van plaaslike sowel as oorsese outeurs om 'n beter perspektief van die betrokke studieveld te bekom.
- * 'n Oriëntering met filosofieë of denkingssosoo die Humanisme, Rasionalisme, Naturalisme, Pragmatisme en die Calvinisme, aangesien verskeie aspekte van hierdie studie direk of by implikasie hierdeur ge-

raak word.

Die versamelde data is krities geëvalueer, sinvol georden en so objektief as moontlik beskryf.

1.3 Probleemstelling en veld van ondersoek

In elke dinamiese, lewenskragtige onderwysstelsel van die 20ste eeu, sal daar aspekte van ooreenweerbeïnvloeding wees. Daar word maar gedurig van ander onderwysstelsels ontvang of geleen wanneer 'n bepaalde onderwysstelsel hom wil moderniseer of in sy behoeftes wil voorsien. Omdat die onderwys van die Afrikanervolk in sy primêre onderwys gefundeer is, is dit noodsaaklik en wetenswaardig om die egtheid van sy onderwys te ondersoek en vas te stel watter sake uit die volkseie gegroei het en watter vreemdsoortig of "oneg" is.

Na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) is die verslane Afrikaner van sy tradisionele C.N.O. ontnem en was die Boerekinders verplig om volgens die Britse onderwysstelsel onderrig te ontvang. Omdat 1910 so 'n belangrike datum in die geskiedenis, onder andere ook op onderwysgebied, van die Afrikanervolk is, het ek in hierdie studie ondersoek ingestel na die mate van beïnvloeding wat die primêre onderwys gedurende

die periode 1910-1960 ondergaan het. Met die doel om die Afrikaner na die Anglo-Boereoorlog in die groot Britse Ryk in te sluit, het die veroweraar by die onderwys begin. Hierdie ondersoek dui aan in watter mate die Afrikaner deur middel van die onderwys gedenasionaliseer is om die imperialistiese oogmerke te bereik. In hierdie studie is dan ook enkele aspekte in die primêre skoolstelsel aan 'n intensiewe ondersoek onderwerp om sowel die kwantitatiewe as die kwalitatiewe beïnvloeding vas te stel, nie net van Britse oorsprong nie, maar ook van ander westerse lande wat die Transvaalse primêre skoolstelsel beïnvloed het.

1.4 Ordering

Hoofstuk 2 handel oor die sentrale beheer wat die Transvaalse Onderwysdepartement vorm, met die Direkteur van Onderwys aan die hoof as permanente uitvoerende beampte, en die plaaslike beheer, waar skoolrade en skoolkomitees onder die soeklig kom.

In hoofstuk 3 word die administrasie van die onderwys beskryf. Hier is die inspeksiestelsel ondersoek, die afskaffing van eksterne eksamens, die invoering van kumulatiewe verslagkaarte en sentralisasie of onderwyskonsentrasie. Ten

opsigte van laasgenoemde is veral twee aangeleenthede, naamlik vervoerskemas en koshuise, onder die soeklig geplaas.

Hoofstuk 4 handel oor die curriculum van die Transvaalse primêre skoolstelsel en in die besonder die beïnvloeding van buite die provinsie op die volgende vyf skoolvakke: Liggaamlike Opvoeding, Godsdiensonderwys, Kunsvlyt, Sosiale Studies, en Landboukundige onderwys.

Oudio-visuele hulpmiddele, en die belangrike rol wat moderne hulpmiddele, veral vanaf die tweede kwart van die 20ste eeu, in die onderwys gespeel het, word in hoofstuk 5 beskryf. Sommige van die onderwysmiddele het ook in Transvaalse skole tevoorskyn gekom, soos die radio en oudio-visuele apparaat, en beïnvloeding in dié verband is aangedui.

Voorts word buite-invloede op tug en dissipline in hoofstuk 6 behandel.

In hoofstuk 7 word 'n samevatting van die hele studie gegee.

1.5 Anglo-Amerikaanse invloed

Tussen die jare 1910-1960 is gedurig nuwe aan-

passings en hervormings op onderwysgebied aangebring. Deskundiges op dié gebied het baie maklik hul oë op vernuwings en hervormings in oorsese lande gerig en wanneer studente of navorsers self ook in hul opleiding met vreemde stelsels, soos die Pragmatisme, te doen gekry het, is sulke stelsels voorgehou wanneer vooruitgang en vernuwing gesoek word. 'n Faktor wat daartoe bygedra het dat Suid-Afrika 'n unieke afsetgebied van 'n onkeerbare stroom Amerikaanse en Engelse boeke oor die Psigologie, Sosiale Wetenskappe en veral die Pedagogiek was, is die feit dat die betrokke taal as kummunikasiemedium geen probleem opgelewer het nie. Albei lande gebruik Engels en in Suid-Afrika is Engels een van die twee amptelike landstale. Nel beweer in dié verband dat "... ons pedagogiek met al sy verwante afdelings Engels-Amerikaans georiënteerd is".²⁾ Hierby sluit Coetzee hom aan as hy die stelling maak dat die "... ou'Christelik-nasionale opvoedkunde' uit die tyd van die Z.A.R. eenvoudig moes plek maak vir die 'moderne opvoedkunde' veral uit die pragmatiese Verenigde State van

2) NEL, B.F.: Aspekte van die onderwysontwikkeling in Suid-Afrika, p. 94.

Amerika".³⁾

1.6 Die begrip "invloed"

Die term "invloed", of "beïnvloeding", of "onder invloed van", of "beïnvloed deur", wat in hierdie studie sinoniem is, dui op die sintuiglik waarneembare inwerking van een saak op 'n ander. Dit dui verder ook op die inwerking van iets op die mens. Dit kan ook die sedelike of geestelike inwerking wees van 'n persoon of 'n groep persone op 'n ander om iets te bewerk of te verkry. So byvoorbeeld het die Smuts-onderwyswet van 1907 'n liberalistiese gees geopenbaar wat immers deur die opsteller daarin geplant is met die doel om Britse imperialisme te bevorder. Invloed is van tweërlei aard, naamlik voordelig of nadelig. Geforseerde beïnvloeding of onkritiese implementering van vreemde gebruike of stelsels of gedeeltes daarvan, het gewoonlik nie ten goede meegewerk nie, terwyl "weldeur-dagte" sisteme wat van elders (buite Transvaal) oorgeneem is om in 'n behoefte te voorsien, met verloop van tyd burgerreg gekry het en bevorder-

3) COETZEE, J.C.: Moderne opvoedkundige denkbeelde. Onderwysblad, Augustus 1941, p. 7.

lik vir die onderwys was. 'n Voorbeeld hiervan is die kwessie van landboukundige onderwys. In drie dekades het hierdie tipe onderwys so ontwikkel dat nie net die Transvaalse onderwysowerheid nie, maar die hele gemeenskap van die provinsie dankbaar was toe dit in die dertigerjare gekulmineer het in die skoolplaaasstelsel. Aan die ander kant het 'n vak soos Sosiale Studies 'n kortstondige bestaan in die Transvaalse primêre onderwysstelsel belewe omdat dit 'n bedreiging vir die heilswaarde van Geskiedenis ingehou het...

1.7 Afkortings

In hierdie verhandeling word die volgende afkortings gebruik:

- C.N.O.: Christelik-Nasionale Onderwys.
- L.O.: Liggaamlike Opvoeding.
- N.A.R.L.O.: Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding.
- N.E.F.: New Education Fellowship.
- T.O.: Transvaalse Onderwysersvereniging.
- T.T.A.: Transvaal Teachers Association.
- T.O.D.: Transvaalse Onderwysdepartement.
- V.O.O.Z.A.: Vereeniging van Onderwysers en Onderwyzeressen van Zuid-Afrika.
- Z.A.R.: Zuid-Afrikaansche Republiek.